# DIE HERMENEUSE VAN DIE SKRIF MET DIE OOG OP HEDENDAAGSE KERKLIK-ETIESE VRAAGSTUKKE

*J. C. Coetzee, B. J. de Klerk, L. Floor.*

1. *Wat verstaan ons onder hermeneuse?*
Dit is noodsaaklik dat ons ons terminologie duidelik definiëer.

*Hermeneutiek:*

Ons verstaan Hermeneutiek in die tradisionele sin. Ons gebruik die term dus *nie* in die sin van die sg. Nuwere Hermeneutiek wat bykans die hele teologie wil insluk onder „Hermeneutiek" as die hele proses van „verstaan" van die Skrifte nie.

Hermeneutiek is vir ons die wetenskaplike dissipline wat beginsels en reëls vir die praktiese eksegese teoreties ondersoek, toets en vasstel.

Die Hermeneutiek moet stelselmatig besin oor die vrae waarvoor die eksegeet te staan kom. Die hermeneutiek moet sistematies die beginsels en metodes van Skrifverklaring bestudeer en die basiese reëls daarvoor neerlê. So word die eksegeet teen willekeur en inkonsekwensie beskerm.

*Eksegese*

Die vak Eksegese het as sodanig tot taak die uitleg van die Skrifte of Skrifverklaring.

Soos sy naam self aandui, moet eksegese gedefiniëer word as uitlegkunde of uithaalkunde. Die donker keersy en gedurige gevaar is dié van inleg-kunde, waar die eksegeet hom laat verlei om nie meer te verklaar wat daar geskryf staan nie, maar om sy eie gedagtes, eie menings in te lees in die Skrif in.

Daarom is 'n gesonde hermeneutiek onmisbaar vir getroue eksegese. Die teologiese dissipline Eksegese val in die aksie van Skrifverklaring egter uiteen in twee stadia wat noodsaaklik is om goed te onderskei.

(i) *„Eksegese" in enger sin.* Hieronder verstaan ons: die verstaanproses waarbinne vasgestel word wat die skrywer oorspronklik vir sy lesers gesê het en wou sê.

(ii) *Hermeneuse:* Hieronder verstaan ons die opvolgaksie van eksegese in engere sin, waartydens die oorspronklike bedoeling van die teks oorgebring word op die konkrete werklikheid van vandag. Hermeneuse vra dus: wat sê die Here deur sy geskrewe Woord *vandag vir ons* in ons situasie?

*Hermeneutiek, eksegese en die eie-aard van die Bybel*

Daar is basiese reëls wat vir alle verklaring van boeke geld. Maar die eie aard en karakter van die Bybel bring ook hiermee dat sy verklaring 'n eie aard sal hê. Wat 'n mens van 'n bron dink, bepaal hoe jy

met die bron omgaan. Geen eksegeet is onbevooroordeeld nie. 'n Mens se Skrifbeskouing bepaal ten diepste ook jou wyse van Skrifverklaring. Wie in die Bybel 'n gewoon menslike boek sien, sal dit met gewoon menslike hulpmiddels probeer verklaar.

Geen eksegeet kan dus sonder voorveronderstellings na die Skrif gaan nie. Die objektiefste eksegeet is dié eksegeet wat hom duidelik vergewis het van sy voorveronderstellings en terdeë daarmee rekening hou.

## 2. *Resente verskuiwinge in die hermeneuse van die Heilige Skrif*

In verband met bv. vrae rondom ,die vrou in die amp' kan daar gewys word op belangrike resente verskuiwinge in die hermeneuse van die Heilige Skrif. Daar is vroeër altyd gestel dat die uitsprake van die Bybel oor die vrou soos byvoorbeeld die ,swyggebod' (1 Kor. 14 : 34; 1 Tim. 2 : 11) uitsprake is wat vir alle tye geldig is.

2.1 In 'n rapport van die Generale Sinode van die GKN (1965) word egter gewys op konkrete „gegeven verboden, die mede bepaald zijn door de toenmalige zeden". Ook word gewys op die „tijdgebondenheid van speciale voorschriften" (vgl. C. G. Berkouwer, De Heilige Schrift I, 1966, p. 193).

2.2 In sy rektorale rede: De positie van de vrou in Christus' kerk (1950) wys J. Hovius ook op hierdie verskuiwinge in die hermeneuse van die Heilige Skrif (p. 18).

2.3 R. J. A. van Eyden het 'n poging onderneem om aan te toon hoekom Paulus oor die ondergeskikte posisie van die vrou geskryf het. „Paulus heeft de tweede-rangs positie van de vrouw in de kultuur van zijn tijd een theologische fundering gegeven door die te funderen op het scheppingsverhaal van Gen. 2, wat zelf al weer een neerslag is van de ondergeschikte plaats van de vrouw in de nog oudere maatschappij waarin het scheppingsverhaal van Gen. 2 ontstond" (De vrouw in het hiërarchisch denkpatroon, in: De bevrijding van de vrouw, 1973).

2.4 Op 'n konferensie wat deur die Generale Sinode van die GKN in 1976 georganiseer is oor probleme met betrekking tot die verstaan van die Heilige Skrif het H. N. Ridderbos ook gewys op 'n nuwe benadering van die Bybelse boodskap as 'n tydgebonde en daarom aan ons kritiek onderworpe „presentatie van het heil" (Kerkinformatie Febr./Maart 1976, p. 15). In verband met die plek van die vrou in die kerk waarsku Ridderbos dat ons nie te gemaklik moet dink dat ons vandag 'n beter begrip het van die verstaan van die Bybel as vroeër nie. „Er zijn in de uitspraken over de vrouw in de bijbel duidelikjk ,tijdgebonden' elementen, die zich ook al zodanig aandienen; maar er zijn ook dingen die dieper gaan, die op het onderscheid tussen man en vrouw de nadruk leggen. Het is niet alleen onbijbels, het is ook oppervlakkig daarover heen te gaan. Ik heb daarom indertijd gepleit, dat we voor de vrouw een vrouwelijk ambt zouden hebben. Dat heb ik verloren" (Kerkinformatie, p. 22).

2.5 H. M. Kuitert is van oordeel dat ons met die ou manier van verstaan van die Heilige Skrif en 'n beroep op die Heilige Skrif in

ons tyd nie meer kan klaar kom nie. Wanneer byvoorbeeld Paulus spreek oor die posisie van die vrou dan ontdek ons in sy briewe twee lyne wat duidelik met mekaar bots. Volgens die eerste lyn is die vrou ondergeskik aan die man (1 Kor. 11 : 3, 7) en dit word deur die apostel 'n skeppingsorde genoem, maar volgens die tweede lyn is die vrou aan die man gelyk (Gal. 3 : 28) en watter lyn moet ons vandag in die kerk volg (H. M. Kuitert, Anders gezegd, 1970, p. 68)?

Kuitert soek die oplossing in 'n nuwe formulering van die gesag van die Bybel. Die gesag van die Heilige Skrif is volgens Kuitert ‚traditionele gezag' d.w.s. gesag op 'n manier soos die tradisie gesag het (Kerkinformatie, p. 9). Kuitert sien die gehele Bybel as christelike tradisie. „De bijbel is de christelijke traditie van ... mensen uit het verleden, mensen van 1900 jaar geleden, zelfs van 2000 jaar geleden, die in hun termen over God spreken" (Kerkinformatie, (p. g.). Hoekom het dan so 'n uitspraak wat uit die tradisie kom vir ons dan nog gesag? Wel, antwoord Kuitert, „omdat je er van leeft, omdat je er iets in vindt wat maakt, dat je vandaag verder kunt als mens, nergens anders om. Niet omdat het moet van God ..." (Kerkinformatie, p. 10). Ons moet tog nie probeer, so waarsku Kuitert, om die tradisiegesag om te tower tot gesag as eksterne outoriteit nie.

### 3. *Hieraan lê ten grondslag 'n veranderde siening oor die aard van die gesag van die Heilige Skrif*

3.1 Agter die benadering van die Bybel as 'n tydgebonde en daarom aan kritiek onderworpe voorstelling van Gods heil en agter die siening van die gesag van die Bybel as tradisie-gesag, sit 'n bepaalde Skrifbeskouing. Daarom is dit by die bespreking van die probleme met betrekking tot die posisie van die vrou in die kerk van die uiterste belang hoe ons die Bybel en die tekste wat spreek oor die plek van die vrou in die kerk benader.

3.2 Agter Kuitert se gesagsbeskouing sit 'n bepaalde Skrifbeskouing. Hy verklaar dat ons in die Bybel mense ontmoet wat in terme van hul eie tyd hul ontdekking oor God uitspreek en onder woorde bring. Die Bybel is „een historisch bepaalde manier van spreken over een aan de historie zelf opgedane ervaring van God" (Kerkinformatie, p. 9). Kuitert noem dit karakteristiek vir die Bybel. Die tydgebondenheid van die Bybel verklaar ook volgens Kuitert dat die Bybel in sy tekening van die man — vrou verhouding op 'n wyse spreek wat ons vandag as ‚mannig sexistisch en antifeministisch' sou aandui (p. 9).

3.3 Is die Bybel die boek van God ('n openbaringsboek) of is die Bybel 'n boek oor God ('n ervaringsboek)? In noue aansluiting aan H. M. Kuitert verklaar W. S. Vorster dat die Bybel i.c. die Nuwe Testament 'n geskrif oor God is. Die Nuwe Testament gee ons „tekste oor God" (W. S. Vorster, 'n Ou Boek in 'n nuwe wêreld, 1977, p. 11). „In die uitdrukking ‚tekste oor God' sit onmiskenbaar 'n „rigtingwyser" ingebou: die beweging is hier 'n beweging VANAF die mens NA God toe. Dit in plaas van die eg-Bybelse visie op die Skrif: Godsopenbaring — vanaf God na die mens toe!" (J. C. Coetzee, 'n Ou

boek in 'n nuwe wêreld of 'n nuwe boek in 'n ou wêreld? in: In die Skriflig, Jaarg. 13 nr. 49, Maart 1979, p. 13).

3.4 Wanneer daar 'n ondersoek ingestel word na die posisie van die vrou in die kerk, dan is die wyse waarop die Bybel by so 'n ondersoek gehanteer word, van beslissende betekenis.

Wanneer ons aanvaar dat die Bybel ook in sy spreke oor die plek van die vrou in die kerk, die gesagvolle Woord van God is, dan moet ons al daardie uitsprake met betrekking tot die vrou en die verhouding man — vrou aanvaar as met gesag beklede uitsprake van God. Daardie uitsprake vra ook nog in ons tyd van ons gehoorsaamheid „Wie aan de Schrift „in ihrem Wortlaut" autoriteit toekent, moet gehoorzamen aan „das anscheinend klare Gebot des Apostels" (J. Hovius, De positie van de vrouw in de kerk, 1950, p. 18, waar hy 'n uitspraak van H. Windisch aanhaal).

## 4. *Hermeneutiese vertrekpunte (of aksioma's)*

In die lig van die voorafgaande punte (1 en 2 hierbo) ag ons dit onvermydelik dat die deputate wat 'n Skriftuurlike hermeneuse moet aanbied ten opsigte van delikate etiese (en/of politieke) vraagstukke vir vandag, duidelike rekenskap moet gee van hulle hermeneutiese vertrekpunte.

### 4.1 *Basiese uitgangspunt: Die Bybel is die ewige en altydgeldende Woord van God.*

Dit impliseer:

#### 4.1.1 *God spreek*

Vir die behoorlike verstaan van die Skrif is dit essensieël dat die eksegeet die bestaan van God moet erken. En God kan sy gedagtes aan die mens oordra en Hy het dit ook gedoen.

#### 4.1.2 *Die geskrewe Woord*

God se bekendmaking aan die mens vind plaas in woorde en in dade. Hierdie woorde en dade is opgeteken in die Skrif.

#### 4.1.3 *Die gesag van die Bybel*

Die Bybel is geïnspireer deur die Heilige Gees. Daarom is die Bybel die ewige Woord van God soos dit onder die inspirasie van die Heilige Gees deur bepaalde mense onder bepaalde omstandighede tot ons gekom het. Die basis vir die gesag van die Bybel is dat God self die Een is wat deur en vanuit die Skrif tot ons spreek.

#### 4.1.4 *'n Nuwe Boek in 'n ou wêreld*

Om bostaande onder formule te bring, ag ons dit relevant om in teëstelling met W. S. Vorster se formule in die titel van sy inougurele rede van 1977, naamlik: „'n Ou Boek in 'n nuwe wêreld," prinsipiëel te kies vir die formule:

„die Altyd-nuwe Boek in 'n ou en verslete wêreld!"

Immers, ons het by alle hermeneuse steeds as aangesprokene die oeroue, onveranderde sondaarmens; en ons het as aansprekende steeds die ewige, altyd-nuwe Woord van God.

4.2 *Die deursigtigheid (PERSPICUITAS) van die Skrif*

4.2.1 'n Besliste vertrekpunt van elke Skrifverklaarder moet wees en moet bly:

Ek moet uitgaan *nie* van die problematiese van die Skrifverstaan nie, maar van
DIE AKSIOMATIESE!

Immers: Géén skrywer van enige werk, wat *normaal* is nie(!), skryf om NIE verstaan te word nie!

Allermins kan dit dan ons vertrekpunt wees ten opsigte van die Bybelskrywers, wat juis, gedrewe, 'n Goddelike boodskap wou oordra.

Finaliter: hoeveel te meer geld dit die eintlike outeur, die Heilige Gees!

4.2.2. Daarom het die Gereformeerdes nog altyd bely, en bely ons ook hier, die PERSPICUITAS van die Skrif.

* Ons bely teenoor Rome wat die duisterheid van die Skrif leer, die perspicuitas, die duidelikheid, van die Skrif. Die weg van verlossing word in die Skrif duidelik gewys. By eksegese van moeilike Skrifgedeeltes moet ons uitgaan van ons geloof in die duidelikheid van die Skrif.

** Die Bybel is immers die lig vir ons pad (Ps. 119 : 105). Hiermee word voluit die *duidelikheid* van die Skrif bely. Die Bybel spreek vanself en geen mens of kerklike leeroutoriteit mag as 'n „middelaar" tussen die Woord en die gelowige hoorder gaan staan nie. Die Reformasie het dit teenoor Rome sterk beklemtoon dat die Bybelse boodskap begryp kan word deur almal wat biddende verlang om dit te verstaan. Om die Bybel te kan verstaan, is 'n gawe, nie 'n prestasie nie. 'n Mens kry dit op die knieë of glad nie. (Ons stel dit ook duidelik teenoor moderne Afrikaans hermeneute in die lyn van W. S. Vorster (vroeër genoem) en C. J. Labuschagne (Wat zegt de bijbel ons in Gods Naam, 1977). Elke gelowige het die opdrag om die Bybel te lees en te bestudeer soos dit aan ons gegee is.

4.2.3 Wetenskaplike hermeneutiek, eksegese en hermeneuse (vergelyk punt 1 hierbo) is slegs en mag slegs wees 'n dienswillige diensmaagd om die gelowiges die Skrifte nog indringender te laat verstaan. Al is die Bybel helder en duidelik, neem dit nie ons verantwoordelikheid weg om uit die Bybel self reëls vas te stel vir die verstaan van die Bybel nie. So word ook misverstande voorkom of uit die weg geruim.


4.3. *Die Skrif is nie tydgebonde nie, maar wel tydgerig*

4.3.1 Veral by die hermeneuse (vergelyk die definiëring onder punt 1) van delikate vraagstukke van die hede word alte veel in een van twee uiterstes verval:

(i) Daar is diegene wat die Skrif, as ewige, altydgeldende Woord wil hanteer asof die Here vandag hier vir Afrikaners van die 20e eeu laat skryf het. Hulle wil dan eenvoudig en direk God se voorskrif in 'n destydse konkrete situasie met 'n „maar die Bybel sê mos" net-so uit die Skrif oordra op 'n konkrete probleem vandag.

1980's

Grafies voorgestel:




— Die Skrif

Ons konkrete situasie

(ii) Andersyds is daar diegene wat so behep is met: „ons moderne tyd" en die „moderne mens" met sy „moderne vrae" dat hulle die Skrifte op non-aktiwiteit plaas met 'n „die Bybel sê wel so, maar dit was maar *tydgebonde*"; „dit was Paulus se opinie in die lig van die kultuur van sy tyd. Die „ou boek" sê nie meer iets vir ons „nuwe wêreld" nie.

Grafies voorgestel:

Die Bybel




Die onoorbrugbare gaping

4.3.2 DAARTEENOOR: Ons stel as Skriftuurlike uitgangspunt dat die Skrif nooit tydgebonde is nie, maar wel tydgerig is.

Inderdaad tree die Godswoord altyd in 'n bepaalde tydsverband op en het dit sy bedoeling met die oog op daardie spesifieke, tydgerigte situasie.

Dit het die Here behaag om Hom juis nie botydelik, bo-aards te openbaar nie, maar in die tyd, in die geskiedenis. So vind die Skrifgebeure plaas in 'n ander tyd as ons eie, in 'n ander land, kultuur en samelewing; dit word beskryf in 'n ander taal as ons eie, 'n ander segswyse, idioom en gedagtepatrone; dikwels spreek dit van ander gewoontes en lewenstyle as ons eie.

Elke Godswoord het sy verband met die tyd waarin dit tot die mense gekom het. God het, so sê Hebr. 1 : 1, baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek tot die vaders deur die profete. Die onmiddellike betekenis van die spreke van God hou verband met die toestand van mense tot wie daardie Godswoord gebring is. Dit is 'n lewende Woord wat tot lewende mense kom.

Dit sou dus kon lyk of 'n bepaalde gebod of woord van God betekenis het slegs vir die tyd en die tydgenote van die Godsgesant, profeet of apostel. Die vraag kom dan op waarom in baie gevalle daardie Woord van God tog op skrif gestel is en so vir ander mense en ander tye bewaar gebly het. Die antwoord op hierdie vraag lees ons in ons belydenis, waar art. 3 van die NGB sê: „Daarom het God uit 'n besondere sorg wat Hy vir ons en ons saligheid het, aan sy knegte die profete en apostels beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel". Die Woord van God hou dus wel verband met die tyd waarin dit gespreek is, maar is nie gebind aan daardie tyd nie. Gods Woord is dus wel met die tyd *verbind*, maar nie aan die tyd *gebind* nie.

4.3.3 By die verklaring van 'n bepaalde Skrifgedeelte mag ons die verbinding met die tyd waarin die Woord van God gespreek of geskryf is, nie verwaarloos nie. As ons die verband met die tyd goed ken, kan ons dit uit daardie verband versigtig losmaak en in 'n ander verband, ons eie tyd inbring.

In sy Hermeneutiek gee S. Greijdanus hiervan 'n hele paar duidelike voorbeelde. „Dientengevolge hebben wij niet zonder meer wat God tot Noach zeide, of tot Abraham sprak, of aan Israël verordende, als in dien letterlijken zin ook geldende voor de geloovigen van de Nieuwe bedeeling op te vatten. Niet wij behoeven nu eene ark te bouwen en daarin de onderscheiden diersoorten op te nemen, Gen. 6 : 14 — 21. God beveelt ons niet, zooals aan Abraham: Neem nu uwen zoon, uwen eenige, dien gij liefhebt, en ga henen en offer hem tot een brandoffer, Gen. 22 : 2. Hij heeft ons niet verordend, een tabernakel voor Zijnen dienst op te richten van die en die grootte en op die en die wijze, Ex. 25. Doch wij moeten nagaan, voor hoever die speciale inkleeding telkens van bepaalde verordeningen een tijdelijk karakter droegen, telkens dat later weer veranderd werd, en voor hoever daarin een duurzame regel gesteld werd, die van kracht bleef ook bij de wisseling van inkleeding" (Schriftbeginselen ter Schriftverklaring, 1946, p. 130, 131). Telkens moet by die verklaring van 'n gedeelte van die Heilige Skrif daarop gelet word „wat daarbij het tijdelijke, voorbijgaande is, het individueele en oogenblikkelijke, èn wat het blijvende, duurzame, algemeene" (S. Greijdanus, a.w. p. 134).

4.3.4 Konkreet oorgebring op byvoorbeeld die posisie van die vrou in die kerk:

Wanneer die apostel Paulus in die eerste brief aan die Korinthiërs skrywe oor die verhouding man — vrou (1 Kor. 11) en hy aan die vrou 'n swyggebod gee (1 Kor. 14 : 34) dan is sy skrywe as 'n ad hoc korrespondensie gerig aan 'n bepaalde gemeente en dan het dit

die vrouens in daardie bepaalde gemeente op die oog. Ons moet hierby egter wel in gedagte hou dat daar in daardie besondere situasie, tot vrouens in 'n bepaalde gemeente, 'n Woord van God kom wat ook bedoel is vir vrouens in alle gemeentes van alle tye.

'n Aanleiding tot Paulus se skrywe oor die plek van die vrou in die gemeente was sonder enige twyfel die neiging tot libertinisme. Daar was 'n valse vryheidsdrang by die vrouens in die gemeente waarteen die apostel hulle moes waarsku (vgl. W. C. van Unnik, Hedendaagse problemen in de Nieuw Testamentische Wetenschap, 1947, p. 8, 9). Teen hierdie valse vryheidsdrang wat o.a. tot uiting gekom het in die optrede van vrouens om met 'n ongedekte hoof te bid en te feteer die optrede van vrouens om met 'n ongedekte hoof te bid en te profeteer N.B. Jerusalemse gemeente net omgekeerd! (1 Kor. 11 : 5) en om in die gemeente te spreek (1 Kor. 14 : 34), moet die apostel waarsku. Hierdie tydgerigtheid mag ons by ons eksegese van hierdie moeilike gedeelte van die Nuwe Testament nie uit die oog verloor nie. Tegelyk moet ons egter ook soek na die blywende, duursame en algemene in hierdie uitsprake van Paulus. Wat beteken dit vir die vrou in die kerk vandag?

4.4 *Die goeie reg en die noodsaaklikheid van Skrif-met-Skrif-vergelyking.*

4.4.1 Die goue reël van Gereformeerde Skrifverklaring bly:
Sacra Scriptura sui ipsius interpres.
Dit is: „Die Heilige Skrif is vir homself sy eie uitlegger".

4.4.2 Hierdie „goue reël" word in die moderne kringe van die Nuwe Testamentiese „teologie", besonderlik vanuit die sg „Redaktionsgeschichte" ten sterkste bevraagteken. Vanuit die beskouing dat die Bybelskrywers, besonderlik die Nuwe-Testamentiese skrywers in eie reg skeppende teoloë was, word die *eenheid* van die Skrif ernstig bevraagteken. Dit word „'n boek vol", of liewer „baie boeke met" 'n groot variasie van teologieë oor Jesus. Vanuit só 'n visie kan daar haas géén sprake meer wees van werklike Skrif-met-Skrif-vergelyking nie.

4.4.3 Hierteenoor moet ons die *Primêre EENHEID* van die Skrif bely en prakties vashou:

Dit is die één God wat deur sy één Woord (of Seun) sy Woord spreek onder inspirasie van sy één Gees! Dogmaties gesê: die een Gees van God is die Auctor Primarius van die hele Skrif.

DAAROM is Skrif-met-Skrif-vergelyking sowel moontlik as noodsaaklik.

4.4.4 Terselfdertyd, saam met erkenning van hierdie *eenheid* van die Skrif, moet ons vashou aan erkenning van die VERSKEIDENHEID van die Skrifte.

Dit het immers God behaag om Hom in sy een Woord te openbaar in 66 boeke, geskrywe oor verloop van ongeveer 1300 jaar, in verskillende tale, kulture; op verskillende kontinente; in verskillende lande; deur mense van uiteenlopende kultuur, lewenspeil, nering, geleerdheidstandaard. Daarby het dit God behaag dat hulle ook nog afson-

derlike boeke skryf, elk met 'n eie literatuurtipe, struktuur en tema.

4.4.5 'n Besonder belangrike faset hiervan is die feit dat die eksegeet/hermeneut baie deeglik rekening moet hou met die openbaringshistoriese situasie van enige betrokke Skrifwoord. Ons móét rekening hou met die feit dat dit God behaag het om Hom en sy wil in die loop van die geskiedenis algaande al duideliker te openbaar. 'n Teks in, sê Eksodus, en 'n teks in Romeine mag dus nie sommer so gelykskakelend langs mekaar gestel word nie. Die LATERE woord in die Godsopenbaring oor DIESELFDE SAAK is altyd deurslaggewend teenoor die voorafgaande!

4.4.6 Die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament is by die bepaling van die verhouding eenheid en verskeidenheid van die Skrif van deurslaggewende belang. Die Nuwe Testament wil baie duidelik op die Ou Testament bou, en aantoon hoe die gebeure wat die Nuwe Testament berig, die vervulling is van die profesieë van die Ou Testament. Aan die ander kant is die Nuwe Testament tog meer as blote herhaling van die Ou Testament. By die basiese kontinuïteit kom tog ook die beslissend nuwe van die Nuwe Testament (vgl. Hebr. 1 : 1 — 4). Reeds in die benamings Ou en Nuwe Testament sit daar iets van sowel 'n eenheid as 'n verskeidenheid. Die eenheid lê daarin dat dit in beide om dieselfde God, dieselfde Christus, die koms van dieselfde Koninkryk, dieselfde heilsweg gaan. Die verskil is geleë in die wyse waarop hierdie God verkondig word, in die perspektief op die openbaring ens. Die grootste verskil is dié van vóór Christus en ná-Christus, terwyl Christus terselfdertyd ook die eenheidsband is.

In die Ou Testament is iets begin wat nie afgehandel is nie. Die Ou Testament wys na die toekoms; dit is oop van voor. Omgekeerd het die Nuwe Testament nie uit die lug geval nie: dit het 'n voorgeskiedenis, wortels wat ver teruggaan. Die Ou en Nuwe Testament wys so na mekaar; hulle het mekaar nodig.

Die eksegeet moet dus voortdurend rekening hou met sowel die eenheid van die Skrif as die eie-aard van die onderdele — ook binne die twee Testamente. Dit bring verder mee dat rekening gehou moet word met die plek van 'n Skrifgedeelte in die breë stroom van die Openbaringsgeskiedenis.

4.4.7 By Skrif-met-Skrif-vergelyking as legitieme hermeneutiese beginsel moet dus volledig vasgehou word aan én die Godgegewe eenheid én die Godgegewe verskeidenheid van die Woord van God.

### 4.5 *Die hermeneutiese beginsel: vanaf die duidelike na die minder-duidelike*

Hierdie is 'n algemene beginsel van die logika, en dit is volledig geldig op die terrein van die Bybelse hermeneuse.

Besonderlik in die geval van moeilik-verstaanbare en hermeneuties moeilik-oorbringbare Skrifuitsprake is dit noodsaaklik dat die voorafgaande beginsel van Skrif-met-Skrif-vergelyking sò toegepas word dat die onduideliker uitspraak in die lig van die duideliker uitspraak (uitsprake); die meer kursoriese uitspraak in die lig van die

uitgebreider uitspraak, die meer prakties-gerigte uitspraak in die lig van die meer prinsipiële uitspraak geïnterpreteer moet word.

J. Hovius (a.w., p. 16) wys in sy eie terme só op hierdie belangrike hermeneutiese reël. „Tot het essentieele behoort wat inhaerent is aan het lid-zijn van het lichaam van Christus" (a.w. p. 13). „Onder het accidenteele verstaan wij hier wat niet wezenlijk behoort tot het lid-zijn van het lichaam van Christus of hieruit rechtstreeks voortvloeit maar er door den Koning der kerk als iets bijkomstigs en tijdelijks aan is toegevoegd. Zonder deel aan het essentieële wordt niemand zalig, maar men kan wel zalig worden zonder deel aan het accidenteele te hebben. Dit accidenteele heeft voornamelijk betrekking op het organisatorische leven der gemeente en op het werk tot uitbreiding van Gods koninkrijk" (J. Hovius, a.w., p. 16). Kanttekening: vir ons klink die woord „accidenteele" nie na 'n gelukkige keuse nie; dan liewer: die meer sydelingse, of: dit wat meer op die periferie van 'n perikoop, 'n betrokke boek, of die geheel van die Godsopenbaring lê.

### 4.6 *Die Heilige Gees as Inspirator én Eksegeet*

4.6.1 Wie opreg bely dat die hele Skrif „deur God ingegee" is, of dan „deur God geadem" is *(theopneustos,* 2 Tim. 3 : 16) en dat die Bybelskrywers „deur die Gees gedrywe" *(hupo pneumatos hagiou feromenoi)* (2 Petr. 1 : 21) is, moet daarmee nie alleen erken dat die Heilige Gees die Inspirator van die Skrif is nie, maar dat die Gees óók die eintlike en onmisbare Eksegeet van die Skrif is.

Dié Bybelskrywer is ook dié Bybelverklaarder. Die Heilige Gees is dié Eksekeet van die Skrif (bv. Joh. 14 : 25 — 26; 16 : 12 — 13; Rom. 8 : 5 — 7 1 Kor. 2; : 10 — 16). God laat nie net sy heilsdade in die geskiedenis plaasvind nie, maar sorg ook deur sy Heilige Gees dat ons 'n betroubare berig daaroor ontvang en — deur dieselfde Heilige Gees — dat ons ook die berig reg verstaan.

4.6.2 Die geheimenisse van God kan alleen verstaan word deur mense in soverre hulle genadiglik verlig is deur die Heilige Gees. Dit is die Heilige Gees wat die hart van die mens moet sag maak, die ore moet deurboor en die oë moet oopmaak om die Bybel te verstaan. Die Gees tree in die proses van die verstaan van die Bybel op as die eintlike Skrifverklaarder.

Daarom vereis egte eksegese en hermeneuse, waarin gepeil wil word wat die Gees vir die gemeente wil sê, volle *kongenialiteit* tussen die eksegeet en die teks voor hom — die kongenialiteit van dieselfde Gees wat beide teks en eksegeet dra!

4.6.3 In die lig van bogenoemde vereis ware hermeneuse inderdaad *biddende* hermeneute!

### 4.7 *Die plek van die Belydenisskrifte*

4.7.1 Vir elke lidmaat van die Gereformeerde Kerk, en ook vir elke kerklike vergadering is die Drie Formuliere van Eenheid BINDEND *omdat* hulle in ooreenstemming is met die Woord van God.

4.7.2 Vir baie mense is dit egter 'n wesenlike probleem welke plek die Belydenisskrifte in die eksegese en hermeneuse mag en moet inneem.

4.7.3 Twee eensydighede moet hier vermy word:

(i) Die verklaring, of hantering, van die Belydenisskrifte as die FINALE maatstaf en rigsnoer vir die eksegeet/hermeneut.

Dan word die Belydenisskrifte 'n keurslyf waarbinne die eksegeet by voorbaat en by nabaat sy eksegese moet en mag doen.

Hierdeur word egte en eerlike eksegese en hermeneuse van die Skrif wat tog ons *enigste* Kanon, dit is maatstaf en rigsnoer is, onmoontlik gemaak.

(ii) Die opsyskuif van die Belydenisskrifte as nie ter sake by die eksegese onder die voorwendsel dat die eksegeet volkome vry en uitgangspuntloos sy eksegese moet kan verrig.

Hierdie benadering is alreeds illegitiem omdat uitgangspuntlose eksegese volkome onmoontlik is. Dit is óók hoogs aanmatigend al sou die eksegeet van vandag die eerste ware eksegeet wees wat die Skrif kan verstaan, terwyl alle vorige eksegese waardeloos sou wees. Finalitêr is dit 'n miskenning van die leiding van die Gees aan die kerk deur die eeue.

4.7.4 Wat *is* dan die plek van die Belydenisskrifte by die eksegese en hermeneuse?

Ons wil dit só formuleer:

Die Belydenisskrifte is die Gereformeerde eksegeet se VERTREKPUNT en sy BEGELEIDER by die hele proses van sy eksegese en hermeneuse.

— Die eksegeet moet nie net „rekening hou" met die Belydenis nie.
— Die eksegeet mag nie net die Belydenis gebruik as „'n finale kontrole" aan die einde van sy eksegese nie.
— Allermins mag die eksegeet die Belydenis opsy skuif en ignoreer as hy eksegetiseer.
— Andersyds mag die eksegeet nie die Belydenis verhef tot die bindende boeie vir sy eksegese nie.

Maar:

* Die Gereformeerde eksegeet móét erken dat hy nie die eerste is wat, deur die Gees gelei, die Skrif eksegetiseer nie.

** Die Gereformeerde eksegeet móét erken dat die Belydenis die neerslag is van die konsensus van Gereformeerde eksegete en gelowiges deur die eeue — dat dit 'n getoetste konsensus van eeue is, en die gemeen-akkoord van die kerk.

*** Die Gereformeerde eksegeet móét erken dat die Heilige Gees die kerk hierin verlig het deur baie eeue heen.

— Daarom neem die eksegeet sy *vertrekpunt* in die Belydenisskrifte, as die konsensus van die Gereformeerde eksegese van die eeue en as die gemeen-akkoord van die kerke. Immers, géén eksegeet

begin as 'n „blanko papier" met sy eksegese nie! Die Belydenisskrifte is dus die duidelike raamwerk waarbinne geëksegetiseer word TOTDAT die teendeel sou blyk.

— Die Belydenisskrifte is óók die eksegeet se *begeleider* dwarsdeur die hele proses van die eksegese. Altyd moet weer gevra word, is dit ook hoe my belydenis die Skrifte verstaan?

— En tog is en bly die Skrif alleen die FINALE maatstaf en rigsnoer. Daarom bly die eksegeet TOG vry om na die Woord van God opreg te luister! As hy, getrou aan die voorafgaande TOG oortuig raak dat die Belydenisskrifte hier of daar onskriftuurlik is, bly sy weg van GRAVAMEN oop!

4.8 *Die inagneming van die skopus (gerigtheid) van die Skrif*

Ons belydenis stel dit baie duidelik dat God sy Woord aan ons gegee het vir 'n bepaalde doel.

God se doel met sy Skrifopenbaring het 'n drieërlei faset:

(i) *God openbaar HOMSELF aan ons sodat ons Hom sal verheerlik.*

Dit is die *hoogste* doel van die Skrif: die eer van God. Dit is die primêre skopus of gerigtheid van die Skrifgesag: dit wil aan ons God self betroubaar en waaragtig bekendstel. Vergelyk hier artikel 2 van die N.G.B.: „Ten tweede maak Hy Homself aan ons nog duideliker en meer volkome bekend deur sy heilige en Goddelike Woord, soveel naamlik as wat ons nodig het in hierdie lewe, tot sy eer . . ."

(ii) *God maak in die Skrif SY WIL aan ons bekend as reël vir ons lewe op aarde, sodat ons Hom reg kan dien.*

God wil met sy Woord nie alleen sê Wie Hy is en dat ons Hom moet eer nie, maar sy Woord het ook ten doel om te sê wat Sy wil is en en hoe ons Hom dus moet dien.

Dis die verdere gerigtheid of skopus van die Skrifopenbaring: dit het gesag as volmaakte reël en maatstaf vir 'n Godwelgevallige lewe.

Vgl. Art. 5: „ . . . om ons geloof daarna te rig, daarop te grond en daarmee te bevestig".

Vgl. Art. 7: „Ons glo dat hierdie heilige Skrif die wil van God volkomelik bevat . . . die wyse waarop God deur ons gedien moet word, (is) daarin geheel en al en uitvoerig beskrywe . . ."

(iii) *God wil ons daarin die WEG tot die ewige lewe bekend maak*

God moet nie alleen in hierdie lewe nie, maar tot in ewigheid geloof en geprys word, en daarom het die Skrif as derde doel: om ons die weg tot ewige saligheid bekend te maak.

Dit is die derde aspek van die skopus of gerigtheid van die Skrif: die Skrif alleen wys die betroubare en ware weg tot die saligheid. Vgl. Art. 2: „ . . . tot sy eer en die saligheid van wie aan Hom behoort. Vgl. Art. 7: „Ons glo . . . dat alles wat die mens moet glo tot saligheid, daarin genoegsaam geleer word".

*Konklusie:*

Die Bybel as gesaghebbende Woord van God is aan ons gegee nie om ons 'n 1001 wetenswaardighede mee te deel nie; nie om honderde jare vooruit allerhande uitvindsels van die mens te voorspel nie; nie om bloot-wetenskaplike gegewens te verstrek nie.

Vanuit die doel van die Skrif en die gevolglike skopus of gerigtheid van die Skrifgesag, blyk dit dat die Bybel aan ons nie gegee is as, en deur ons nie gesien mag word as 'n wetenskaplike handboek (bv. oor die ouderdom van die aarde of van die mens) nie.

Andersyds mag egter nooit gesê word dat die wetenskap, of die kuns of sport of politiek neutrale gebied is waaroor God se Woord niks te sê het nie: Ons belydenis stel dit immers dat God Hom gesaghebbend in sy Woord so openbaar dat Hy geëer moet word as die God van die hele skepping; en ook dat God in sy Woord sy wil openbaar as reël, as beginsel vir ons lewe hier en nou en in al die fasette daarvan.

4.9 *Die Bybelse perspektief op die Eeu (Bedeling-) waarin ons leef, hermeneuse bedryf of wetenskap beoefen.*

4.9.1 Vir die hermeneut, dit wil sê die eksegeet wat die prediking van die Skrif van destyds gesagvol wil oorbring op die konkrete situasie van vandag, is dit kardinaal belangrik dat hy 'n duidelike uitsig het op die Skrifgeopenbaarde plek van die Christen, die gelowige hermeneut en die hele volk van God, in hierdie tyd waarin ons leef.

Daarvoor ag ons 'n insig in die Nuwe-Testamentiese openbaring oor die verskillende *Aione* of Eeue of Bedelinge onmisbaar:

4.9.2 Die Jode van die Nuwe-Testamentiese tyd het volkome in lyn met die vooruitkykende perspektief van die Ou-Testamentiese profete, die volgende heilshistoriese visie gehad.

Ons kan dit skematies só voorstel:


Goeie paradys toestand | „Hierdie Eeu" | „Daardie Eeu" of die „Nuwe Eeu" of die Messiaanse Eeu — die Volmaakte Eeu

Sondeval — Koms v.d. Messias

4.9.3 Deur die vollediger openbaring van God in Christus leer die Nuwe Testament ons dat die koms van die Nuwe Eeu (Aion) 'n twee-fase koms is, wat meebring dat daar in die tyd tussen die Koms en die Wederkoms van die Messias 'n tyd van „overlap", van oor-

vleueling, selfs van spanning tussen die sogenaamde „reeds" en die sogenaamde „nog nie" van die Nuwe Eeu is.

Ons kan dit skematies só voorstel:




4.9.4 Dus: Ons leef, ons eksegetiseer en hermeneutiseer, ons beoefen wetenskap in hierdie besondere, dubbelslagtige tyd waarin „hierdie Eeu", die ou verslete wêreld, en die „Nuwe Eeu", nog oorvleuelend bestaan. Ons gelowiges, leef dus, as mense wat behoort tot die Nuwe Eeu. tog nog op aarde in die ou, verslete skepping, en in die ou, verloregaande mensdom.

In die lig van *hierdie* perspektief moet ons ons etiese, religieuse en wetenskaplike vrae beantwoord.

5. *'n Finale identifisering van ons hermeneutiese problematiek.*

Hoewel ons hierdie aspek hier baie kursories saamvat, lê ons groot probleme juis hier!

Waar 'n Skrifgedeelte vir ons vandag *moeilik* is, wat is EINTLIK die probleem?

Ten minste ses vrae is hermeneuties ter sake.

(i) Is die gedeelte werklik en inherent moeilik of duister?
(ii) Was die gedeelte dalk vir die oorspronklike lesers helder, maar is dit vir ons vandag moeilik en/of duister?
(iii) Benader ons die teks (-gedeelte), binne die kader van die betrokke literatuurtipe van die boek, korrek?
(iv) Benader ons die teks (-gedeelte) met genoegsame in agneming van die voortgang van die Godsopenbaring?
(v) Is die gedeelte dalk wel duidelik en sy uitleg maklik, maar die oorbring en toepassing op vandag se problematiek is moeilik?
(vi) *N.B.* Is die gedeelte wel duidelik, maar *ons* vra verkeerde vrae aan die teks?

*BYVOEGSEL:*

*Basiese elemente in die eksegese*

Daar is basiese stappe wat die eksegeet as leidraad kan volg, maar dan moet hy onthou dat hierdie stappe nie waterdig geskei kan word nie, maar in voortdurende wisselwerking met mekaar staan. Alle

eksegese begin by die teks: wat staan daar presies? Dan word gevra na die verband waarin die teks staan en dan moet die eksegeet ten diepste die vraag vra: Wat wil God hierin vir ons sê?

1. *Die grammaties-literêre element*

Die eksegeet moet seker maak van die presiese waarde van die oorspronklike teks. Dan moet hy hom ook verantwoord t.o.v. elke woord se betekenis, vorm en verbinding in die teks en vasstel wat die implikasie daarvan vir die verklaring van die teks is. 'n Deeglike struktuur-analise van die gedeelte is 'n vereiste om so by die hoofgedagte en sentrale tema te kom en die verskillende onderdele en nuwe gedagtes vas te stel.

Daarby moet rekening gehou word met die literatuursoort van 'n bepaalde gedeelte.

2. *Die historiese element*

Hiermee word bedoel dat die eksegeet sal vasstel wat die tyd en omstandighede was waarin die bepaalde teks geskryf is. As die eksegeet die wêreld ken waarin die Bybelgebeure afgespeel het, die gewoontes en gebruike van die tyd, die historiese agtergrond en aardrykskunde, het hy al 'n hele stap gevorder in die regte verstaan van die gedeelte.

Die eksegeet moet ook vasstel wie geskryf het en aan wie, waarom en om wat te bereik en wat is sy sentrale tema. Dit behels ook 'n vasstelling van die plek van die gedeelte in die openbaringsgeskiedenis.

3. *Die teologiese element*

Die Bybel is die uitdrukking van God se wil om die openbaring van sy doel. Daarom sal die eksegeet van die Bybel hom ten diepste met die verstaan hiervan moet besig hou.

Nie alle gedeeltes is ewe naby aan die sentrale doel nie, maar almal is gelykelik deel van God se openbaring aan die mens. Daarom moet elke eksegeet hom voortdurend die vraag afvra: Wat openbaar God hier oor Homself en oor sy wil vir sy volk.

Vanuit hierdie basiese uitgangspunte kan nou konkrete toepassing gemaak word, ook t.o.v. die vraag na die posisie van die vrou in die kerklike lewe.